

# Afrikaans Huistaal
# Graad 3





Naam:

# Inhoud


| | |
|---|---|
| Klinkers | 3-4 |
| Beginklanke | 5 |
| Hoofletters | 6-7 |
| Leestekens | 8-9 |
| Ontkennende sinne | 10-11 |
| Fantastiese sinne | 12-13 |
| Selfstandige naamwoorde | 14 |
| Byvoeglike naamwoorde | 15 |
| Werkkaart naamwoorde | 16 |
| Werkwoorde | 17-18 |
| Voorsetsels | 19-20 |
| Meervoude | 21-22 |
| Manlik en vroulik | 23 |
| Sinonieme en teenoorgesteldes | 24-26 |
| Verlede tyd | 27 |
| Teenwoordige tyd | 28 |
| Toekomende tyd | 29 |
| Tydsvorme werkkaart | 30 |
| Afkortings | 31-32 |
| Lettergrepe | 33-34 |
| Trappe van vergelyking | 35-36 |

# Klinkers

e o

a i u


arme

ek

is

oupa

uil





# Klinkers







Onderstreep al die klinkers in die volgende woorde:

| | | |
|---|---|---|
| vrugte | pit | hemp |
| krokodil | hond | kam |

Voltooi die woorde deur die klinkers in te vul.

| | | | |
|---|---|---|---|
|  | m _ l |  | h _ n |
|  | b _ s |  | kl _ p |
|  | h _ nd |  | s _ t |

# Kleur die regte beginklank in.

| | | |
|---|---|---|
|  |  |  |
| m n h | k h f | b p q |
|  |  |  |
| w f v | v w f | m n u |
|  |  |  |
| c z s | m n h | k l i |

# Hoofletters

1. Die begin van 'n sin:
   - Ek hou baie van roomys.
   - My ma is die beste.




2. Name en vanne:
   - Jan Brink speel rugby.
   - Anel hou van pienk blomme.
   - Juffrou Sarah is my gunstelling Juffrou.

3. Name van diere:
   - Ons kry vars melk van Daisie die koei.
   - Pieter se hond se naam is Vabond.
   - Matewis is my kat se naam.

4. Dae van die week:
   - Ek verjaar Vrydag.

5. Maande van die jaar:
   - My verjaarsdag is in Junie.

6. Name of dorpe, plekke en provinsies:

- Ek bly in Suid-Afrika.
- Vandag gaan ons na Tafelberg.
- Ons bly in Bloemfontein in die Vrystaat.

7. Name van koerante, tydskrifte en winkels:

- My pa koop die Huisgenoot by Checkers.
- My ma koop die Vaalweekblad by Spar.
- My sussie koop die Sarie by Pick 'n Pay.

8. Name van strate:

- Ons bly in Gumtreestraat.

9. Name van damme en riviere:

- Die Gariepdam is in die Oranjerivier.
- Ons ry op 'n boot op die die Vaalrivier.




10. Titels:

- Nelson Mandela was ons eks - President.

# LEESTEKENS

## Punt



1. Na 'n afkorting:
   - Vr.
   - Des.
   - Dr.


2. Aan die einde van 'n sin.
   - Ek is lief vir my familie.

## Komma



1. Voor want en maar:
   - Ek hou van appels, maar nie van piesangs nie.
   - Ek soek my skoene, maar ek kry dit nie.

2. Tussen 'n lys woorde, inplaas van "en":
   - Ek hou van appels, pere, perskes en piesangs.



# Uitroepteken


'n Uitroepteken word aan die einde van 'n sin gebruik wanneer jy kwaad of opgewonde is of wanneer jy skree.

1. Eina! Dis is seer.
2. Help my!
3. Jy maak my so kwaad!

# Vraagteken

'n Vraagteken word gebruik aan die einde van 'n sin wanneer jy 'n vraag vra:

1. Kan jy my help?
2. Waar is my skoene?
3. Wat is jou naam?
4. Wie is jy?
5. Wanneer verjaar jy?
6. Hoekom praat jy so baie?



# Ontkennende sinne

Voorbeelde:


1. Ek hou van appels.
   Ek hou **nie** van appels **nie**.

2. Ek ken iemand by die partytjie.
   Ek ken **niemand** by die partytjie **nie**.

3. Gaan ek ooit kan netbal speel?
   Gaan ek **nooit** kan tennis speel **nie**?

4. Ek kry my skoen êrens.
   Ek kry my skoen **nêrens** **nie**.

## Reëls




iemand → - niemand

ooit → - nooit

êrens → - nêrens

# Ontkennende sinne

Verander die volgende sinne in ontkennende sinne:



1. Ek het 'n blou rok aan.

   ___________________________________

2. Ek kry my pen êrens.

   ___________________________________

3. Gaan ek ooit tennis kan speel?

   ___________________________________

4. Ek hou van roomys.

   ___________________________________

5. Daar is êrens in die wêreld 'n meisie met dieselfde naam as ek.

   ___________________________________


6. Ek ken iemand in my nuwe klas.

   ___________________________________

# Skryf fantastiese sinne!


'n Fantastiese sin het:

1. Hoofletters
2. Leestekens
3. Vingerspasies tussen woorde
4. Korrekte spelling
5. Netheid
6. Vyf of meer woorde





'n Fantastiese sin begin met:

| | | |
|---|---|---|
| Hy | Julle | Die |
| Sy | Hulle | 'n |
| My | Die | Daar |
| Ek | Mamma | |
| Ons | Pappa | |







# Skryf fantastiese sinne!

Kyk na die prent en skryf 3 fantastiese sinne oor die prent.



# Selfstandige naamwoord

'n Selfstandige naamwoord is iets waaraan jy kan vat of wat jy kan sien. Daar is verskillende tipe selfstandige naamwoorde:

| Persone | Plekke | Diere | Dinge |
|---|---|---|---|
| Meisie seun<br>Ma Pa<br>Ouma<br>Oupa<br>Mnr. Brink<br>Anel Jan | skool<br>huis<br>speelgrond<br>dieretuin<br>kombuis | hond<br>padda<br>koei<br>leeu | boek<br>tafel<br>skoen<br>pen<br>stoel |

Byvoorbeeld:

1. Die padda hop op die grond.
2. Die meisie eet 'n appel.
3. Mamma bak 'n koek.

# Byvoeglike naamwoorde

'n Byvoeglike naamwoord beskryf die selfstandige naamwoord.



Byvoorbeeld:

1. Die meisie het bruin hare.
2. Die lang kameelperd eet die groen blare.
3. Ek het 'n moeilike toets geskryf.
4. Mamma bak vars brood.

# Naamwoorde

Lees die sinne. Onderstreep die selfstandige naamwoorde met BLOU en die byvoeglike naamwoorde met ROOI.


1. My ma het vir my 'n rooi tas gekoop.
2. Die ou man het 'n grys baard.
3. My pa het suur melk by die winkel gekoop.
4. Lisa hou van druiwe.
5. Die warm sand brand my voete.

Kleur die blokke in wat 'n selfstandige naamwoord is.

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. Botha | moelike | ambulans |
| pragtige | Anel | blou |


# Werkwoord

'n Werkwoord is 'n "doenwoord".



Byvoorbeeld:

1. Ek ry op die perd.
2. Die kinders sing in die koor.
3. Ek klim op die klimraam.
4. Ek was my hande.
5. Ben en David gooi die bal.



# Werkwoorde

Gebruik die werkwoord om jou eie sin te maak.

1. loop

____________________________________

____________________________________

2. dans

____________________________________

____________________________________

3. sing

____________________________________

____________________________________

4. hardloop

____________________________________


____________________________________



# Voorsetsels


in op met

vir na



Byvoorbeeld:

1. Ek speel **met** my hond.
2. Die kat lê **op** die bank en slaap.
3. Ek kyk **na** die prente **in** die boek.
4. My ma gee **vir** my 'n stukkie koek.



# Voorsetsels

in

op

met

na

vir

Gebruik die voorsetsels in die blokke om die sinne te voltooi:

1. Ben speel _____ Jan _____ die tuin.
2. My pa koop _____ hom 'n nuwe kar.
3. Ek gaan _____ Lisa se partytjie.
4. Ek sit ____ die stoel.
5. Johan gooi my _____ die swembad.
6. Ek het gemors _____ my nuwe hemp.

# MEERVOUDE

## Reëls vir meervoude:

1. a, e, i, o en u

Die kort, vet soldate moet gaan veg in die oorlog. Maar omdat hulle klein is, gee ons vir die arme soldaatjies 'n ekstra geweer (medeklinker verdubbel) en 'n kospakkie (e) vir die honger.

Byvoorbeeld:

1. kat – katte
2. bus – busse
3. vin – vinne
4. lem – lemme
5. lap - lappe

2. aa, ee, oo en uu

Die lang, bang soldate moet gaan veg in die oorlog. Hulle lyk dieselfde en loop saam.
As die meervoud hulle aanval, hardloop een terug kamp toe. Sy maat bly agter met een geweer en 'n kospakkie (e).

Byvoorbeeld:


1. maan – mane
2. roos – rose
3. been – bene
4. vuur - vure

3. oe, ui, ie, ou, eu, ei, ooi, aai, oei, y

Die siek soldate moet gaan veg in die oorlog. Hulle lyk nie dieselfde nie en bly agter in die kamp omdat hulle te siek is. Hulle kry net 'n kospakkie. (e).

Byvoorbeeld:


1. boek – boeke
2. uil – uile
3. riet – riete
4. reus – reuse
5. trein - treine
6. vlooi - vlooie
7. haai - haaie
8. koei - koeie



# Meervoude


Skryf die meervoude vir die volgende woorde:


1. mat ______
2. huis ______
3. muur ______
4. baan ______
5. pou ______
6. mes ______
7. lap ______
8. kaas ______
9. kraai ______



# Manlik en vroulik

| | |
|---|---|
| oupa | ouma |
| broer | suster |
| vader | moeder |
| man | vrou |
| neef | niggie |
| koning | koningin |
| oom | tannie |
| vriend | vriendin |
| prins | prinses |





# Sinonieme

## Woorde wat dieselfde beteken.

| | | |
|---|---|---|
| praat - gesels | gil - skree | kos - voedsel |
| speel - baljaar | lawaai - geraas | min - bietjie |
| verniet - gratis | mooi - pragtig | menigte - baie |
| meisie - dogter | onbeskof - ongeskik | amper - byna |

# Teenoorgesteldes

## Woorde wat die teenoorgestelde beteken.

| | | |
|---|---|---|
| soet - stout | skerp - stomp | swak - sterk |
| reg - verkeerd | swaar - lig | maklik - moeilik |
| warm - koud | vriend - vyand | links - regs |
| soet - suur | heel - stukkend | leeg - vol |
| stadig - vinnig | dik - dun | eerste - laaste |
| diep - vlak | oud - nuut | skoon - vuil |
| lig -donker | kort - lank | oud - jonk |

# Sinonieme

Kies een van die woorde in die blok en skryf dit by sy sinoniem.

| | | |
|---|---|---|
| verniet | meisie | kos |
| onbeskof | mooi | gil |

| ongeskik |
|---|
| |

| dogter |
|---|
| |

| pragtig |
|---|
| |



| gratis |
|---|
| |

| voedsel |
|---|
| |

| skree |
|---|
| |

# Teenoorgesteldes

Gebruik die woorde in die blok om die sinne met hul teenoorgestelde te voltooi.

| | | | |
|---|---|---|---|
| oud | maklik | vyand | |
| eerste | koud | reg | stomp |

1. Dit is warm vandag. ________
2. Die potlood is skerp. _______
3. Ek was laaste met die atletiek. _______
4. Die toets was moeilik. _______
5. Ek het die vraag verkeerd. _______
6. Ben is my vriend. _______


# Verlede tyd

Dit HET gebeur.
Gebruik die woord HET
en sit 'n ge voor aan
die werkwood.

Byvoorbeeld:

1. Marie eet 'n appel.
   Marie het 'n appel geëet.

2. Ben skop die bal.
   Ben het die bal geskop.




# Teenwoordige tyd

Dit gebeur NOU.

Byvoorbeeld:

3. Die baba slaap in haar kot.
4. Ek eet lekker koek.
5. Ons hou partytjie.
6. Ek speel met my pop.
7. Boetie doen sy huiswerk.




# Toekomende tyd

Dit MOET nog gebeur.
Gebruik die woord SAL.

Byvoorbeeld:

8. Marie eet 'n appel.
   Marie sal 'n appel eet.

9. Ben skop die bal.
   Ben sal die bal skop.



# Tydsvorme

Skryf die volgende woorde in die verlede tyd

1. Ben en Jan speel rugby.

_______________________________________

2. Jana speel met haar pop.

_______________________________________

3. Die baba slaap in die kot.

_______________________________________

Skryf die volgende sinne in die toekomende tyd.

1. Ek lees 'n boek.

_______________________________________

2. Ben speel krieket.

_______________________________________

3. Ek ry met my blou fiets.

_______________________________________

# Afkortings

## 1. Dae van die week:

Maandag - Ma.
Dinsdag - Di.
Woensdag - Wo.
Donderdag - Do.
Vrydag - Vr.
Saterdag - Sa.
Sondag - So.

## 1. Maande van die jaar:

Januarie - Jan.
Februarie - Feb.
Maart - Mrt.
April – Apr.
Junie - Jun.
Julie - Jul.
Augustus - Aug.
September - Sept.
Oktober - Okt.
November - Nov.
Desember - Des.

## 3. Ander:

dokter - dr.
meneer - mnr.
mevrou - mev.
graad - gr.
asseblief - asb.
minute – min.
sent – c
liter - l
milliliter - ml
kilogram – kg
bladsy – bl.
byvoorbeeld – bv.
dominee – ds.
nommer – nr.
antwoord – antw.
sentimeter – cm
meter – m
kilometer – km
Rand - R



# Afkortings

Gebruik die afkortings in die blok en skryf dit langs die woorde op die lyn.

| | | |
|---|---|---|
| Des. | gr. | min. |
| c | bv. | S.A. |
| mnr. | Do. | kg |
| ml | dr. | asb. |

dokter ______

Donderdag ______

byvoorbeeld ______

minute ______

kilogram ______

mililiter ______


Desember ______

asseblief ______

Suid-Afrika ______

sent ______


graad ____



# Lettergrepe

Woorde word in lettergrepe verdeel om ons te help met die spelling daarvan.

Byvoorbeeld: skoenlapper
skoen/lap/per



As ons die woorde in lettergrepe verdeel kan ons die woord klap om dit vir ons makliker te maak.
Daar kom 'n koppelteken tussen die dele van die woord.













# Lawwe lettergrepe

Verdeel die woorde in lettergrepe.

| Woord | Lettergreep |
|---|---|
| fotograaf | |
| papier | |
| reptiel | |
| hokkie | |
| olifant | |
| renoster | |
| kamer | |
| gevaarlik | |
| skoenlapper | |











# Trappe van vergelyking

| | | |
|---|---|---|
|  |  |  |
| groot | groter | grootste |
|  |  |  |
| vet | vetter | vetste |
|  |  |  |
| stadig | stadiger | stadigste |
|  |  |  |
| lank | langer | langste |
|   |   |   |
| goed | beter | beste |

# Trappe van vergelyking

Voltooi die trappe van vergelyking.

| | | |
|---|---|---|
|  |  |  |
| stadig | _______ | ________ |
|  |  |  |
| warm | _______ | ________ |
|  |  |  |
| klein | _______ | ________ |
|   |   |   |
| goed | _______ | ________ |